**DONDERDAG 14 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: HABAKUK 1:1-6, 12-13; 2:1-2**
**FOKUSGEDEELTE: HABAKUK 2:1A**

**Habakuk – Gee alles wat vir jou te veel is in God se hande oor**

Die profeet Habakuk het met baie vrae geworstel wat vir hom te groot was. Eers kwel dit hom dat die Here skynbaar niks doen om die onreg en geweld in Jerusalem te straf nie. Daarom die vraag: "Waarom kyk U (net) toe as daar soveel ellende is?"

As die Here dan vir hom sê dat Hy die Chaldeërs as tugroede teen sy volk gaan monster, dan het Habakuk weer dáármee 'n probleem: "Hoe kan 'n heilige God so 'n wrede, woeste nasie soos die Chaldeërs gebruik om sy heilige volk te straf?"

Met hierdie soort vrae het Habakuk geworstel. Hy het die vrae soos kouseltjies in sy kieste rondgeskuif, maar hy kon hulle nie verteer nie. Op dieselfde manier het jy dalk ook vrae en verleenthede wat jy tussen jou kieste rondstoot. Dinge soos die dood van 'n dierbare. Of 'n ernstige siekte. Of jou kwellinge oor die toekoms van jou kinders in 'n ontspoorde wêreld.

In die beeld van die uitkyktoring nooi die Here jou om Hom te vertrou met die kwelvrae wat vir jou te groot is. Klim saam met Habakuk in jou uitkyktoring op. Styg uit bo die geroesemoes van menslike advies. Gaan sit net in die heilige stilte by die voete van die Here en ervaar sy helende teenwoordigheid. Moenie probeer om alles te verstaan nie! Géé daardie onverteerbare kouseltjies vir Hom wat alles weet en vertróú Hom daarmee.

Kyk in die geloof op na jou Vader se troon (Op. 4:2 ,3). Sien die triomfantelike Christus waar Hy sedert sy hemelvaart in jóú belang aan die regterhand van die Vader sit. Hy IS uiteindelik die Antwoord op al jou vrae, want in sy hande kom al die los drade van die geskiedenis sinvol bymekaar!

Met hierdie nuwe perspektief is jy gereed om jubelend en met hernieude geloofsywer jou wedloop op die gewyde pad na Sion voort te sit! (Jes. 35:8-10)

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*
*Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)*